

LETTER TO SOUTH AFRICA – POETS CALLING THE STATE TO ORDER

Die Burger, Maandag 30 Mei 2011

Rustum Kozain

Op die Versindaba in Stellenbosch verlede jaar het Marlene van Niekerk 'n groep digters genooi om gedigte te skryf, gebaseer op Allen Ginsberg se gedig “America” en as 'n brief aan Suid-Afrika gerig.

Die gedigte deur Van Niekerk, Danie Marais, Leon de Kock en andere het sterk inslag onder die gehoor by Versindaba gevind.

Op sy webwerf het Versindaba toe 'n verdere uitnodiging gerig aan digters om te kom “keelskoonmaak”. Toe besluit Umuzi om die uitnodiging nog wyer te gooi en die uitnodiging is wyd en syd in al 11 landstale gestuur.

Hierdie boek is die bloemlesing. Gedigte is in die oorspronklike taal en in Engelse vertaling geplaas. Onder dié gedigte blyk dit slegs Afrikaanse gedigte het die paal gehaal of Afrikaans was die enigste “anderstalige” inskrywings, behalwe Ike Muila se gedig, geskryf in die digter se estetiese idioom waarin hy al die tale rondom as een taal gebruik.

Die gedigte wat die Ginsberg een neem en daarmee werk en verwerk had 'n reeks goeie versetgedigte tot gevolg. Die sterkste eienskap van hierdie gedigte is hul literêre “oordaad”:

woordspelings, wye en wilde emosionele registers, 'n babbelende, borrelende gejouery en gefluistery. En hier moet 'n mens eerstens Muila se gedig uitwys vir die inherente, natuurlike taal-oormaat daarvan. Muila se metier is om die stedelike, veeltalige aspek van Suid-Afrikaanse identiteit in sy estetiese idioom vas te lê. Die volle literêre ontginning van al die tale om ons as poëtiese idoom, glo ek, lê nog voor, en Muila is ons voortrekker.

Van my ander gunsteling moet ek die hoofbok, Van Niekerk self uitsonder, sowel as die voorbokke Danie Marais, Andries Bezuidenhout en De Kock. Hul gedigte oorskry ook grense: taal, etiket en vroomheid, en soos die Ginsberg-gedig, jubel die gedigte in hul oormaat: dis snaaks, ironies, satiries, kragtig.

'n Resensent in Beeld wys uit dat as dié boek in die 1970's of 1980's gepubliseer was, sou dit verban wees. Ek wonder, sou die boek ooit die lig gesien het uit Stellenbosch en te midde van die debatte en argumente oor die sogenaamde wrewel oor die politiek in literatuur? Ek beveel die boek graag aan.

UMUZI, KAAPSTAD. (SAGTEBAND, 184 BLADSYE.)

Rustum Kozain is 'n digter.